education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# MUSIEK

## RIGLYNE VIR
## PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

## 2010

**Hierdie riglyne bestaan uit 29 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# MUSIEK

# PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE (PAT'e): 2010

## ASSESSERINGSPROGRAM VIR MUSIEK

### 1. INLEIDING

Die sewentien vakke van die Nasionale Kurrikulumverklaring wat praktiese komponente bevat, het elk 'n PAT (Praktiese Assesseringstaak). Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurspraktyke, Landboutegnologie
- KUNSTE: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- SOSIALE WETENSKAPPE: Lewensoriëntering, Geskiedenis, Geografie
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingineursgrafika en -ontwerp, Meganiese Tegnologie

'n PAT stel die onderwyser in staat om toegepaste vaardigheid direk en sistematies waar te neem. Dit bestaan uit die toepassing/uitvoering van die kennis, vaardighede en waardes wat eie is aan die vak.

Die PAT'e word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar gedoen. Dit word as een uitgebreide taak gedoen, wat onderverdeel is in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite, waaruit die PAT saamgestel is. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

### 2. VEREISTES: PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE VIR MUSIEK GRAAD 10-12

Daar is *ses* formele assesseringstake in Graad 10 en 11 en *sewe* in Graad 12. Dit bestaan uit die jaarpunt vir Musiek wat 25% (100 punte) van die promosiepunt uitmaak. Die oorblywende 75% (300 punte) bestaan uit die finale jaareind-eksamen. Drie van hierdie assesseringstake is PAT'e.

Die sewe take vorm 'n integrale deel van die Nasionale Kurrikulumvakverklaring vir Musiek en vorm deel van die onderrig- en assesseringsaktiwiteite. Dit moet as assesseringsinstrumente gebruik word en het ten doel om te verseker dat alle aspekte van die kurrikulum gedek word.

Die volgorde waarin die sewe assesseringstake voltooi word, is nie verpligtend nie. Onderwysers moet toesien dat hierdie take egalig versprei word deur die loop van die eerste drie kwartale van die akademiese jaar.

Tydens 'n vergadering van vakadviseurs en ander verteenwoordigers van alle provinsies te Rustenburg op 18-21 Mei 2009 is die volgende aanbevelings aangaande die PAT'e (Praktiese Assesseringstake) gemaak:

- Omdat PAT 2 en PAT 3 albei oor komposisie en verwerking handel, mag hulle gekombineer word.

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

- PAT 3 mag dus oor 'n ander onderwerp handel.
- PAT'e is gewoonlik individuele take, met die uitsondering van PAT 1, waar leerders saam kan werk om 'n konsert te reël.
- Die PAT'e moet eweredig versprei word, en in die werkskedule weergegee word.
- PAT'e moet in alle provinsies gestandaardiseer word.
- Hierdie aanbevelings moet in die PAT Dokument vir 2010 vervat word. (Hierdie dokument)

Die onderstaande tabelle bevat die basiese besonderhede van die assesseringstake vir graad 10-12.

Hierna volg die komponente daarvan, soos aangehaal uit die Assesseringstandaarde en Voorgestelde Inhoud in die Nasionale Kurrikulumvakverklaring vir Musiek.

Dit word gevolg deur werklike voorbeelde van PAT'e (Praktiese Assesseringstake) vir graad 12.

## 3. VEREISTES: PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE VIR MUSIEK GRADE 10-12

| GRAAD 10 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kwartaal | Praktiese Assesseringstake (PAT'e) | Formele Toets | Eksamen | Punte |
| 1 | PAT 1: Klankproduksie (50)<br>Demonstreer en verduidelik hoe klank op eie instrument/ stem geproduseer word. | Prakties, komposisie of verwerking<br>& Skriftelike toets (50) | | = 550 |
| 2 | PAT 2: Beplan uitvoering (50)<br>Help in beplanning van 'n musiekuitvoering oor 'n persoonlike, sosiale of menseregtekwessie. | | Halfjaar-eksamen: (300)<br>Skriftelike eksamen 150<br>Praktiese eksamen 150 | ÷ 5.5<br>= 100 |
| 3 | PAT 3: Gebruik tegnologie (50)<br>Gebruik beskikbare tegnologie om eie en bestaande musiekidees te verfraai. | Prakties, komposisie of verwerking<br>& Skriftelike toets (50) | | |
| 4 | | | Jaareindeksamen (300)<br>Skriftelike eksamen 150<br>Praktiese eksamen & komposisie of verwerking 150 | 300 |
| JAARTOTAAL | | | | 400 |

| GRAAD 11 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kwartaal | Praktiese Assesseringstake (PAT'e) | Formele Toets | Eksamen | Punte |
| 1 | PAT 1: Beplan uitvoering(50)<br>Help in die beplanning van konserte. | Prakties, komposisie of verwerking<br>& Skriftelike toets(50) | | = 550 |
| 2 | PAT 2: Aanbieding van 'n werk(50)<br>Stel 'n eie of ander werk aan mense voor. Dit moet handel oor 'n persoonlike, sosiale- of menseregtekwessie. | | Halfjaar-eksamen: (300)<br>Skriftelike eksamen 150<br>Praktiese eksamen 150 | ÷ 5.5<br>= 100 |
| 3 | PAT 3: Aanbieding van 'n komposisie(50)<br>Gebruik beskikbare musiektegnologie om 'n komposisie of verwerking te verfraai. | Prakties, komposisie of verwerking<br>& Skriftelike toets(50) | | |
| 4 | | | Jaareindeksamen (300)<br>Skriftelike eksamen 150<br>Praktiese eksamen, & komposisie of verwerking 150 | 300 |
| JAARTOTAAL | | | | 400 |

| GRAAD 12 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kwartaal | Praktiese Assesseringstake (PAT'e) | Formele Toets | Eksamen | Punte |
| 1 | PAT 1: Koördineer 'n musiekgeleentheid(50) | Prakties, komposisie of verwerking<br>& Skriftelike toets(50) | | = 850 |
| 2 | PAT 2: Komponeer of verwerk(50)<br>Gebruik beskikbare tegnologie om 'n werk te komponeer of te verwerk en aan te bied. | | Halfjaar-eksamen: (300)<br>Skriftelike eksamen 150<br>Praktiese eksamen 150 | ÷ 8.5<br>= 100 |
| 3 | PAT 3: Komponeer of verwerk, voorspeel en registreer 'n werk(50)<br>Komponeer 'n musiekwerk in kombinasie met 'n ander kunsvorm, waarmee jy 'n persoonlike, sosiale of menseregtekwessie aanspreek. | Prakties, komposisie of verwerking<br>& Skriftelike toets(50) | Rekordeksamen: (300)<br>Skriftelike eksamen 150<br>Praktiese eksamen 150 | |
| 4 | | | Eksterne eksamen: (300)<br>Skriftelike eksamen 150<br>Praktiese eksamen, & komposisie of verwerking 150 | 300 |
| JAARTOTAAL | | | | 400 |

## 4. KOMPONENTE VAN DIE PAT'e: SOOS AANGEHAAL UIT DIE NASIONALE KURRIKULUMVAKVERKLARING VIR MUSIEK

**GRAAD 10**

PAT 1: Klankproduksie

| Assesseringstandaard: | Voorgestelde inhoud: |
|---|---|
| Demonstreer en verduidelik hoe klank op eie instrument /stem geproduseer word. Verwys na<br>➢ hoe toonhoogte verander word op die instrument /stem;<br>➢ versorging van die instrument /stem;<br>➢ korrekte liggaamsposisie wanneer jy speel /sing. | ➢ Verduidelik en demonstreer hoe klank op instrument/stem gevorm word;<br>➢ Verduidelik en demonstreer hoe toonhoogte op instrument/stem verander word;<br>➢ Verduidelik en demonstreer die versorging van die instrument /stem;<br>➢ Verduidelik en demonstreer korrekte liggaamsposisie wanneer jy speel /sing. |

PAT 2: Beplan 'n uitvoering

| Assesseringstandaard: | Voorgestelde inhoud: |
|---|---|
| Help met die beplanning van 'n musiekuitvoering wat 'n persoonlike, sosiale of menseregtekwessie aanspreek, deur deel te neem aan:<br>➢ groepsbeplanning van 'n musiekuitvoering en aanvaarding van toegewese verantwoordelikhede (bv. versamel van programinligting, dekor, verhoogopstelling, kaartjieverkope);<br>➢ identifiseer en kies geskikte musiek wat 'n persoonlike, sosiale of menseregtekwessie aanspreek.<br>Skryf 'n verslag oor 'n uitvoering deur jouself en as oor 'n uitvoering deur ander groepe. | Groepsbeplanning van musiekuitvoerings (bv. program, dekor, funksies van deelnemers).<br>Identifiseer en kies geskikte musiek wat 'n persoonlike, sosiale of menseregtekwessie sal kommunikeer.<br>Skryf 'n resensie oor 'n konsert. |

PAT 3: Gebruik tegnologie

| Assesseringstandaard: | Voorgestelde inhoud: |
|---|---|
| Gebruik bestaande musiektegnologie om eie of bestaande musiekidees te verfraai, deur:<br>➢ opneem van klank (bv. met 'n bandopnemer);<br>➢ gebruik van musiekprogramme op die internet en/of ander beskikbare en relevante sagteware om musiek te noteer en/of op te neem;<br>➢ gebruik van beskikbare tegnologie en/of ander musiekprogramme om melodieë te verwerk (bv. deur 'n elektroniese klawerbord met ingeboude klankverwerker). | Verwerk / komponeer met tegnologie:<br>➢ Opneem van klank (bv. met 'n bandopnemer).<br>➢ Die gebruik van musiekprogramme op die internet en/of ander beskikbare en relevante sagteware om musiek te noteer en/of op te neem.<br>➢ Die gebruik van beskikbare tegnologie en/of ander musiekprogramme om melodieë te verwerk (bv. deur 'n elektroniese klawerbord met ingeboude klankverwerker).<br>➢ Die verwerking van 'n lied of van tradisionele volkswysies as 'n groep- of individuele aktiwiteit. |

Kopiereg voorbehou 

**GRAAD 11**

<u>PAT 1:</u> Beplanning van 'n uitvoering

| Assesseringstandaard: | Voorgestelde inhoud: |
|---|---|
| Help met die beplanning van uitvoerings. Demonstreer<br>➢ keuse, identifikasie, werking en gebruik van beskikbare tegnologie (bv. nodigheid van mikrofoonplasing en -gebruik vir klankversterking);<br>➢ bemarking- en publisiteitsvaardighede;<br>➢ 'n aanvoeling van akoestiekbeginsels van toepassing op uitvoerings;<br>➢ instrumentasie vir solo- en ensemble-uitvoerings;<br>➢ hoe geskiktheid van 'n konsertlokaal vir 'n bepaalde uitvoering geëvalueer word;<br>➢ vroegtydige voorbereiding van die lokaal en toerusting;<br>➢ die bepaling van geskikte bemarkings- en publisiteitsmateriaal en –wyses. | Beplanning van 'n uitvoering:<br>➢ Keuse, identifikasie en gebruik van beskikbare tegnologie (bv. mikrofone en klankversterking).<br>➢ Instrumentasie vir 'n ensemble.<br>➢ Geskiktheidsbepaling en praktiese toepaslikheid van 'n konsertlokaal vir 'n bepaalde uitvoering.<br>➢ Vroegtydige voorbereiding van konsertlokaal en toerusting.<br>➢ Bepaling van geskikte bemarkings- en publisiteitsmateriaal en -wyses. |

<u>PAT 2:</u> Aanbieding van 'n werk

| Assesseringstandaard: | Voorgestelde inhoud: |
|---|---|
| Stel 'n eie of ander werk wat handel oor 'n persoonlike, sosiale- of menseregtekwessie bekend, deur:<br>➢ bepaling van 'n toepaslike onderwerp;<br>➢ bepaling van geskikte musiek waarin die gekose onderwerp met musikale middele uitgedruk word;<br>➢ die proses wat gevolg is, weer te gee;<br>➢ die werk uit te voer. | Die identifisering en uitvoering van musiek wat geskik is om 'n persoonlike, sosiale of menseregtekwessie weer te gee, bv. liedere oor MIV/VIGS, gelyke regte, rituele, ballades en klaagliedere. |

<u>PAT 3:</u> Aanbieding van 'n komposisie

| Assesseringstandaard: | Voorgestelde inhoud: |
|---|---|
| Gebruik beskikbare musiektegnologie om 'n komposisie of verwerking te verfraai:<br>➢ deur 'n bestaande werk te verwerk deur gebruik te maak van beskikbare instrumente en/of tegnologie;<br>➢ deur 'n gegewe vierstemmige koorwerk vir 'n instrumentale kwartet of ensemble te verwerk. | Verwerk of komponeer met behulp van tegnologie:<br>➢ Opneem van klank (bv. met 'n bandopnemer).<br>➢ Gebruik van musiekprogramme op die internet en/of ander beskikbare, toepaslike sagteware om musiek te noteer en/of op te neem.<br>➢ Gebruik van beskikbare tegnologie en/of musiekprogram om melodieë te komponeer en/of te verwerk (bv. deur 'n elektroniese klawerbord met ingeboude klankverwerker). |

**GRAAD 12**

PAT 1: Koördineer 'n musiekgeleentheid

| Assesseringstandaard: | Voorgestelde inhoud: |
|---|---|
| Koördineer 'n musiek-geleentheid deur:<br>➢ die skryf van 'n bestuursplan vir die musiekgeleentheid;<br>➢ die reël van 'n geskikte lokaal en toerusting vir 'n musiekgeleentheid;<br>➢ 'n program vir die musiekgeleentheid saam te stel;<br>➢ die reël van kunstenaars en ander menselike hulpbronne vir die musiekgeleentheid;<br>➢ die skryf van toeligtende programaantekeninge vir die konsert. | ➢ Die uitvoering van gespaste musiek in kombinasie met ander kunsvorms met 'n persoonlike, sosiale of menseregtekwessie soos bv. liedere oor MIV/VIGS, gelyke regte, rituele, ballades en klaagliedere. (kan kombineer met LO2)<br>➢ Die skryf van 'n bestuursplan vir die musiekgeleentheid.<br>➢ Die reël van 'n geskikte lokaal en toerusting vir die musiekgeleentheid.<br>➢ Die reël van kunstenaars en ander menslike hulpbronne vir die musiekgeleentheid. |

PAT 2: Komponeer of verwerk

| Assesseringstandaard: | Voorgestelde inhoud: |
|---|---|
| Gebruik beskikbare tegnologie om 'n musiekwerk te komponeer, te verwerk en aan te bied. | Komposisie of verwerking met behulp van tegnologie:<br>➢ Die komponeer en aanbieding van 'n musiekwerk met beskikbare tegnologie (bv. deur 'n elektroniese klawerbord met ingeboude klankverwerker).<br>➢ Die verwerking en aanbieding van bestaande werke met behulp van beskikbare tegnologie (bv. deur die timbre te verander of die instrumentasie uit te brei.)<br>➢ Die maak van 'n begeleidende klankbaan. |

PAT 3: Komponeer of verwerk, voorspeel en registreer 'n werk

| Assesseringstandaard: | Voorgestelde inhoud: |
|---|---|
| Komponeer 'n musiekwerk in kombinasie met 'n ander kunsvorm om 'n persoonlike, sosiale of menseregtekwessie aan te spreek. (Kan met LO 1 kombineer) | Die keuse van 'n gepaste onderwerp wat 'n persoonlike, sosiale of menseregtekwessie sal aanspreek. Dit kan as 'n groep- of individuele projek gedoen word.<br>Identifisering van 'n geskikte kunsvorm. Dit kan as 'n groep- of individuele projek gedoen word.<br>Kies en/of verwerking en/of komponeer van musiek wat by die gekose onderwerp en kunsvorm sal pas.<br>Die opneem of aanbieding van die voltooide musiekwerk. |
| Pas basiese kontrakpraktyke toe om 'n musiekkomposisie en opnames daarvan te registreer. (LO 4) | Die registrasie van 'n musiekkomposisie en opname en die verskaffing van bewys daarvan van SAMRO / SARRAL.<br>In die praktyk hoef leerders die werk slegs by die skool te registreer asof dit 'n lewensegte situasie is. |

## 5. VOORBEELDE VAN PAT'e VIR GRAAD 12

Hierdie voorbeelde is ontwikkel deur onderwysers en vakadviseurs. Hierdie voorbeelde word waarskynlik tans in die meeste provinsies gebruik. Onderwysers kan hierdie voorbeelde na goeddunke aanpas volgens hul eie onderskeie situasies. Bogenoemde aanhalings uit die Nasionale Kurrikulumvakverklaring vir Musiek moet as rigsnoer gebruik word.

### Voorbeelde van PAT 1: Koördineer van 'n musiekgeleentheid

NB: : Let asseblief daarop dat hierdie taak daarop ingestel is om leerders voor te berei vir die werklike musiekwerêld. Die klem val dus op die ontwikkeling van die leerder se organisatoriese vaardighede. Graad 12 leerders kan hierdie taak saam met die graad 10- en 11-leerders uitvoer. Onderwysers moet daarteen waak dat hierdie taak slegs 'n akademiese oefening word. Die taak moet prakties uitgevoer word!

**PAT 1, Voorbeeld 1:**

**Konsertuitvoering:**
Elke kandidaat moet een stuk by 'n konsert uitvoer. Hierdie stuk moet deel wees van die finale praktiese eksamen en moet afgerond en verhooggereed wees. (20)
Voorts moet elke kandidaat programaantekeninge van 120-150 woorde oor die stuk wat gespeel word, skryf en aanbied. Beide die konsertprogram en programaantekeninge moet deur minstens twee onderwysers geassesseer word.

Getuienis van die volgende moet in die kandidaat se portefeulje ingesluit wees: (30)

- 'n bestuursplan
- organisasie van 'n lokaal en toerusting
- 'n program vir die musiekgeleentheid
- die organiseer van uitvoerders
- programaantekeninge
- 'n plakkaat vir die geleentheid
- Kaartjies vir die geleentheid

TOTAAL 50

**PAT 1, Voorbeeld 2:**

Die PAT bestaan uit die volgende dele:

- Beplanning
- Uitvoering
- Terugskouing

Getuienis van die PAT moet die volgende insluit:

- Die werklike plan van die leerder
- Programaantekeninge wat sowel die komponis se biografiese besonderhede kan bevat, as 'n analise van die werk wat gespeel is
- Assessering van die leerder se uitvoering
- Terugskouingdokumente in die vorm van 'n joernaal. Dit kan vorderingsverslae van beide onderwyser en leerder bevat.

Punte kan vir elke komponent toegeken word, byvoorbeeld:

| | |
|---|---|
| Beplanning | 30 |
| Programaantekeninge: | 10 |
| Joernaal: | 10 |
| TOTAAL | 50 |

**PAT 1, Voorbeeld 3:**

- Beplanning
    - Bestuursplan
    - Program
    - Programaantekeninge
    - Joernaal
- Uitvoering
    - Eie voordrag in solo- of groep-konteks
    - Tegniese oefeninge
- Terugskouing
    - Eie ondervinding / rol
    - Kwaliteit van die organisasie
    - Kwaliteit van eie of ander se uitvoering
    - Skryf van resensie

## Voorbeelde van PAT 2: Komposisie of Verwerking

**PAT 2, Voorbeeld 1**

**Die leerder kan een van die volgende oefeninge kies:**

Toonsetting van 4 reëltjies. Verskaf 'n akkoordstruktuur of begeleiding hiervoor.
**OF** Voltooiing van 'n melodie – minimum 12 mate. Verskaf 'n akkoordstruktuur of begeleiding vir die melodie.
**OF** Voltooiing van 'n musieksekwens deur gepaste tegnologie te gebruik, bv Cu-base, Cake walk, Garage Band
**OF** Komponeer agtergrondmusiek of klankskildering vir met ander kunsvorms of media, bv.

- Skep 'n klankbaan vir 'n visuele aanbieding
- Skep 'n klankbaan vir 'n gedig of storie
- Skep 'n klingel vir 'n advertensie

**OF** Verwerk 'n eenvoudige volkswysie of -melodie vir twee of meer instrumente of stemme.

**Getuienis:**

- Leerders moet hul eie komposisies in manuskripvorm aanbied, bv 'n musiekpartituur, 'lead sheet', uitvoeringsinstruksie, of grafiese notasie.
- 'n CD, DVD of bandopname van 'n komposisie is ook aanvaarbaar as getuienis van die leerder se kreatiewe werk.
- Die egtheid van 'n leerder se komposisie moet deur die skoolhoof of sy verteenwoordiger geverifieer word.
- Kopieë van die werk plus 'n opname moet beskikbaar gestel word aan die eksterne eksaminator (10 dae voor die finale praktiese eksamen)

Die leerders moet aangemoedig word om beskikbare tegnologie te gebruik om musiek te komponeer, verwerk en aan te bied.

**Assessering:**

- Assessering deur onderwyser. Gebruik die rubrieke in die PAT-dokument. Onderwysers kan ook hul eie assesseringsrubrieke ontwerp.
- Sluit die onderwyser se deurlopende assessering oor die werksvordering in.
- Leerders skryf hul terugskouings in 'n joernaal neer.

**PAT 2, Voorbeeld 2**

1. Elke leerder moet ’n musiekstuk vir ’n klawerbordinstrument (bv klavier, sintetiseerder of orrel) komponeer of verwerk, sodat daar ’n duidelike harmoniese basis is. Ander instrumente kan bygevoeg word volgens die oordeel en vermoë van die leerder. Die vereiste minimum lengte is 24 mate, maar kan langer wees as die leerder dit verkies. ’n Netjiese handgeskrewe of rekenaargedrukte partituur moet aangebied word.
   Geskrewe of gedrukte partituur: (40)
2. Elke leerder moet ’n komposisie of verwerking opneem of voorspeel. Die opname of uitvoering kan akoesties, elektronies, of ’n kombinasie daarvan wees.
   Opname of voorspel: (10)

TOTAAL 50

Getuienis van die assessering van die komposisie of verwerking *en* die assessering van die opname moet in elke kandidaat se portefeulje geplaas word.

**PAT 2, Voorbeeld 3** (Hierdie PAT kan ook as PAT 3 gebruik word.)

**Komposisie of verwerking in kombinasie met ’n ander kunsvorm**

’n Keuse tussen een van die volgende drie PAT’e

Visuele Kunste

- Skryf ’n komposisie of verwerking van minstens 24 mate, gebaseer op ’n spesifieke tekening, skildery of beeldhouwerk oor ’n sosiale kwessie, soos afgelei uit die kunswerk.

Dramatiese Kunste

- Skryf ’n komposisie of verwerking van minstens 24 mate, gebaseer op ’n spesifieke gedig of prosa oor ’n sosiale kwessie soos uit die kunswerk afgelei. Gebruik ’n parlando-styl spraakstem tydens uitgerekte ruste of aangehoue akkoorde of akkoordprogressies.

Dansstudies

- Skryf ’n komposisie of verwerking van minstens 24 mate as begeleiding vir ’n dansopvoering wat op ’n sosiale kwessie gebaseer is.

Gebruik beskikbare tegnologie om die werk te noteer of op te neem.
Voer die werk uit/op.
Registreer die werk by die skool.

Assessering:

| | |
|---|---|
| Gehalte van die werk | (30) |
| Gebruik van tegnologie | (15) |
| Bewys van registrasie | (5) |
| TOTAAL | 50 |

## Voorbeelde van PAT 3:

**PAT 3, Voorbeeld 1**

**Taak oor Musiekgeletterdheid**

1. Elke leerder moet ŉ harmoniese analise voltooi, wat die verskeie aspekte wat die kurrikulum dek, insluit, bv toonaard, akkoordprogressies, omkerings, kadense, nie-akkoordtone en komposisietegnieke. (30)
2. Elke leerder moet ook ŉ vierstemmige (SATB) harmonisering van ŉ gegewe sopraanmelodie van agt mate, voltooi. (20)
3. NB: Punt 1 en 2 is ook van toepassing op Jazz Harmonie en teorie.

<u>Vir leerders wat nie die funksionele vokale styl bestudeer nie:</u>

1. Elke leerder moet ŉ harmoniese analise doen, wat op die relevante aspekte van alternatiewe harmoniese styl gebaseer is. (30)
2. Leerders moet ook ŉ alternatiewe harmonisering van ŉ gegewe melodie van agt mate voltooi. (20)

TOTAAL 50

Albei take (harmoniese analise en harmonisering) kan as klastoetse gedoen word, of as huiswerktake binne ŉ spesifieke gegewe tydraamwerk. Getuienis van die assesserings van albei take moet in elke leerder se portefeulje geplaas word.

**PAT 3, Voorbeeld 2**

**Improvisasie Voordrag:**

1. Elke leerder moet op sy/haar eie instrument improviseer saam met begeleiding op ŉ klavier of ŉ ander klawerbordinstrument. Die geïmproviseerde seksie moet minstens twaalf mate lank wees, of langer as die kandidaat dit versoek. Die improvisasie se akkoordprogressie moet ter voorbereiding twee wekevooraf aan die leerder gegee word. Tydens die uitvoering mag die leerder slegs die akkoordprogressie of akkoordsimbole voor hom hê. (40)
2. Die leerder moet ŉ geskrewe verduideliking van die styl en materiaal wat vir die improvisasie gebruik is, tydens die uitvoering aanbied. (10)

Die styl van die improvisasie is nie in die kurrikulum gespesifiseer nie. Die onderwyser kan een die volgende opsies aan die leerder verskaf:

- Die akkoordprogressie van ŉ twaalf maat blues, of
- Twaalf maat akkoordprogressie in Barok-styl, of
- ŉ Ander geskikte styl kan gebruik word vir improvisasie.

Alle melodie-instrumente (insluitend klavier, klawerbord en ghitaar) moet ŉ enkellyn-improvisasie doen; d.w.s. melodies en ritmies. Slagwerk, dromstel en Afrika-instrumente sal slegs ritmiese improvisasie doen. Hierdie leerders moet minstens *twee* slaginstrumente gebruik.
Getuienis van die assessering van die improvisasie en geskrewe verduideliking moet in elke leerder se portefeulje geplaas word.

TOTAAL 50

**NB: Onderwysers kan die Trinity Guidhall-voorbeelde vir improvisasie volg as ŉ riglyn.**

**PAT 3, Voorbeeld 3**

**IMPROVISASIE**

**Die leerder kies een van die volgende oefeninge:**

| **Voltooiing van melodiese of ritmiese frases** | **Improvisasie op 'n akkoordprogressie** | **Groepsimprovisasie** | **Improvisasie op 'n volksliedjie/populêre lied/gesange** |
|---|---|---|---|
| Die onderwyser sal twee openingsmate speel.<br>Die leerder voltooi dit vir 8 mate op sy gekose instrument.<br>Die leerder sal twee minute gegee word ter voorbereiding. | Die onderwyser speel 'n akkoordprogressie twee keer. Dit bevat akkoorde soos in die Inhoudsillabus voorgeskryf.<br>Die leerder sing of speel 'n melodie bokant hierdie akkoordprogressie. | Die individuele leerder improviseer as solis binne 'n ensemble. | Die leerde kies sy/haar eie musiekstuk.<br>Die leerder improviseer stylvol op 'n klawerbordinstrument, bv elektroniese klawerbord, klavier of orrel.<br>Dit kan melodiese, ritmiese en harmoniese improvisasie insluit. |

**PAT 3, Voorbeeld 4**

**Werksopdrag oor Kritiese Denke:**

| | | |
|---|---|---|
| Geskrewe taak<br>Inhoud: Suid-Afrikaanse musiek: tradisioneel, populêr of kunsmusiek | Elke leerder moet 'n taak doen oor enige aspek van Suid-Afrikaanse musiek: tradisioneel, populêr of kunsmusiek. Die lengte van die werksopdrag moet tussen 1 000 en 1 500 woorde wees. Die onderwyser kan opskrifte of sub-opskrifte verskaf om die leerder te help met die struktuur daarvan. Die geskrewe teks moet egter die leerder se eie werk wees. 'n Bibliografie en diskografie behoort ingesluit te wees. | Die taak en getuienis van die assessering moet in elke leerder se portefeulje geplaas word. |

## 6. DIE ANDER ASSESSERINGSTAKE: FORMELE TOETSE EN EKSAMENS

### FORMELE GEKONTROLEERDE TOETSE

**Prakties**: Die inhoud is soos vir die eksamen, soos hieronder beskryf. Dit kan op ŉ kleiner skaal wees, as in aanmerking geneem word wat die leerder op daardie tydstip kan speel.

**Getuienis:** ŉ Geskrewe verslag oor die praktiese toets

**Teoreties:** Die inhoud is soos vir die eksamen, soos hieronder beskryf. Die aanbevole tydsduur van hierdie vraestel is een uur.

**Getuienis:** Toets, memorandum en antwoordstelle

### EKSAMENS: IN JUNIE (EN DIE VOORBEREIDENDE EKSAMEN VIR GRAAD 12 IN DIE DERDE KWARTAAL)

Hierdie eksamens is soortgelyk aan die eksamens wat op die volgende bladsy verskyn. Elk van hierdie eksamens moet op die finale eksterne eksamen gebaseer wees, selfs al is die kurrikulumwerk dan nog nie afgehandel nie. Die voorbereidende eksamen moet baie soos die finale eksterne eksamen wees, weens sy plasing in die tydraamwerk van die akademiese jaar.

| | | |
|---|---|---|
| Daar moet ŉ **praktiese** eksamen wees, wat voordragstukke, ensemble, tegniese werk, gehoortoetse en bladlees bevat. Indien improvisasie nie by die PAT'e gedek is nie, moet dit ingesluit word. (150) | **Vraestel 1** (Musiekgeletterdheid en Kritiese denke) moet deur alle kandidate geskryf word. Die spesifieke inhoud, soos op die kurrikulum gebaseer, word aan die oordeel van die onderwyser oorgelaat. Dit hang af van watter werk voor die eksamen behandel is. (120) | **Vraestel 2** (Musiekbegripstoets) moet deur alle kandidate geskryf word. Die inhoud moet aspekte van gehoor-opleiding (herkenning van ritmes, tydmaattekens, diktee, kadense), komposisietegnieke (bv sekwense, herhaling, nabootsing), genre, styl, instrumentasie en vormanalise insluit. Musiekvoorbeelde moet ondubbelsinnig wees, die partiture duidelik en die musiek van ŉ CD af gespeel word. (30) |

Getuienis van die assessering van al drie aspekte moet in elke kandidaat se portefeulje geplaas word.

Gedurende die jaareind praktiese eksamens moet komposisie/verwerking en improvisasie wél tel, weens die vereiste gewigswaarde van LO 2. Dit is belangrik dat hierdie taak **ekstern gemodereer moet word** deur die eksaminator voordat die punte as deel van die finale praktiese punt in ag geneem kan word.

Die Inhoudsillabus vir Musiek Vraestel 1 en 2 verskyn in die Eksamenriglyne vir 2010.

## 7. DIE EKSTERNE GRAAD 12-EKSAMEN: PUNTETOEWYSING

| **PUNTETOEKENNING PER VRAESTEL** | | | |
|---|---|---|---|
| Vraestel 1 | Skriftelike Eksamen | Handel oor LO 3 & LO 4 | 120 |
| Vraestel 2 | Musiekbegripstoets met klankbaan | Handel oor LO 3 & LO 4 | 30 |
| Individuele eksamen | Praktiese Eksamen | Handel oor LO 1, LO 2 & LO 4 | 150 |
| | | Totale punte vir eksamen | 300 |

Die volgende punte-indeling word vir die praktiese eksamens voorgestel:

| **GRAAD 12 PRAKTIESE EKSAMEN** (September/Oktober) | | |
|---|---|---|
| Toonlere, arpeggio's en tegniese oefeninge, soos deur 'n eksaminerende liggaam vir graad 5 of 6 voorgeskryf. (LO 1) | | **15** |
| Repertoirium: 4 stukke van minstens graad 5/6-standaard. Gekies deur kandidate. Een of twee van die stukke moet 'n ensemble-werk wees. Dit kan op 'n ander instrument/stem gespeel word. Een werk kan 'n eie komposisie wees en moet geskrewe of gedruk wees. Diegene wat Afrika-instrumente aanbied, moet op twee instrumente speel, wat nie van dieselfde etniese groep is as wat hulle in graad 10 en 11 gedoen het nie. Onderwysers moet seker maak dat die Afrika-werke op graad 5/6 vlak is. Kandidate wat populêre musiek of jazz speel, mag van 'n klankbaan gebruik maak vir ensemble-doeleindes. (LO 1) | | 4x20 = **80** |
| Bladlees, vergelykbaar met minstens graad 5/6 bladlees. (LO 1) | | **10** |
| Komposisie of verwerking: reeds deur onderwyser nagesien en deur eksaminator gemodereer tydens die praktiese eksamen. Die onderwyser gee die nagesiende werk plus 'n CD twee weke voor die eksamendatum aan die eksaminator. LO 2) | | **25** |
| Improvisasie | Op 'n gegewe ritme, melodie of akkoordprogressie, gebaseer op die eksaminator se keuse uit die kandidaat se vier gekose toonlere. (LO 2) | **10** |
| Gehoortoetse: Eksaminator se keuse uit die volgende: | Bladsang gebaseer op die toonlere wat bestudeer is. (LO 1 & LO 3) | **10** |
| | Klap ritmes in alle tydmate soos deur eksaminator gespeel, of van die blad. (LO 3) | |
| **T O T A A L: PRAKTIESE EKSAMEN** | | **150** |

Alle komponente van hierdie eksterne eksamen moet tydens die praktiese eksamens afgeneem word. Geen items van die eksamen mag voor die aankoms van die eksaminator afgehandel word nie. Ter wille van die vereiste gewigswaarde van LO 2, is dit noodsaaklik dat komposisie/verwerking en improvisasie wél ook hierby tel.

**MUSIEKBEGRIPSTOETS: VRAESTEL 2** 'n Klankbaan word aan kandidate gespeel tydens hierdie vraestel.

| | |
|---|---|
| LO 3: Skriftelike gehoor, gebaseer op enige teoretiese konsep | 8 |
| LO 4: Herkenning van genre/styl, instrument, stemming, komposisietegnieke, sosiale/kulturele konteks | 12 |
| LO 4: Vorm & struktuur | 10 |
| Totaal vir hierdie vraestel | **30** |

Kopiereg voorbehou 

## 8. PRAKTIESE INHOUD VAN DIE PRAKTIESE GRAAD 12-WERK

(Soos uit die Nasionale Kurrikulumvakverklaring vir Musiek aangehaal)

<table>
<tr><th>ASSESSERINGSTANDAARD</th><th>VOORGESTELDE INHOUD</th></tr>
<tr><td>Demonstreer tegniese beheer oor die gekose instrument/stem deur:<br>➢ die speel van tegniese oefeninge om die tegniese vaardigheidsvlak bereik te vertoon;<br>➢ die speel/sing van kort onvoorbereide stukke wat leesvaardigheid toets.</td><td>Tegniese oefeninge om uitvoerings-vaardighede te versterk.<br>Ontwikkeling van bladlees- en/of bladsang-vaardighede.</td></tr>
<tr><td>Voer ʼn verskeidenheid van solostukke op een of meer gekose instrument/stem uit. Demonstreer:<br>➢ ʼn programkeuse verteenwoordigend van verskeidenheid van stilistiese, kulturele en historiese kontekste van op die gekose instrument/stem;<br>➢ ʼn ontwikkelde sin vir stilstiese spel binne ʼn verskeidenheid van kontekste;<br>➢ musikale terugvoer, insluitende verbeeldingryke interpretasie van stukke;<br>➢ verhoogde bewustheid van toonkwaliteit, artikulasie en frasering;<br>➢ die vermoë om gedagte, gevoel en/of karakter effektief oor te dra deur nie-verbale kommunikasievaardighede.</td><td rowspan="2">Die voordra van ʼn verskeidenheid van bestaande solo- en ensemble-stukke.<br>Vertoon:<br><br>➢ musikale respons: stylbewustheid, toonkwaliteit, ritmiese presiesheid, artikulasie en frasering;<br>➢ tegniese vaardigheid: fisiese beheer oor die instrument, koördinasie en akkurate intonasie;<br>➢ voordragaanvoeling: vermoë om met die gehoor te kommunikeer.<br><br>Die uitvoering van eie komposisies en verwerkings in solo- of groepverband.</td></tr>
<tr><td>Dra ʼn verskeidenheid van stukke in groepsverband voor. Vertoon:<br>➢ ʼn programkeuse verteenwoordigend van verskillende stylgebruike van die gekose instrument/stem binne groepsverband;<br>➢ die vermoë om te bepaal of ʼn ondersteunende of leidende rol vereis word binne die konteks van die musiek wat gespeel word;<br>➢ die vermoë om geskikte metodes vir goeie groepsbalans voor te stel;<br>➢ die vermoë om die tegniese vereistes van die stuk te bemeester;<br>➢ die vermoë van positiewe interaksie binne die groep.</td></tr>
<tr><td colspan="2">Gehoortoetse van toepaslike inhoud van LO 3.</td></tr>
<tr><td>Improviseer stylgetrou binne tradisionele, inheemse en kontemporêre toonlere en modusse:<br>➢ melodiese en/of harmoniese improvisasie in vier verskillende soorte toonlere of modusse van eie keuse.*</td><td>Improvisasie: Ritmiese improvisasie in toepaslike style wat voortbou op die kennis en vaardighede wat in graad 10 en 11 verwerf is.<br>Meer gevorderde stylgetroue melodiese variasies op toonlere en akkoordprogressies.</td></tr>
</table>

*Kandidate kan kies in watter toonleertipe hulle hul improvisasie vir die eksterne graad 12-eksamen wil doen. Hierdie toonleerkeuse moet vooraf met die eksaminator bespreek word, sodat die eksaminator improvisasievoorbeelde in die betrokke toonleer kan voorberei.

## 9. HULPBRONNE OF TOERUSTING VIR DIE TAKE

Die volgende hulpbronne, toerusting en fasiliteite word vir die PAT'e benodig:

| BOEKE | TOERUSTING | FASILITEITE |
|---|---|---|
| • Leerder se portefeulje van bewysstukke<br>• Musiekmanuskripboeke<br>• Literatuur/Artikels/Tekste oor:<br>o tegniek van spel op die instrument<br>o musiekvoordragvaardighede<br>o basiese aspekte van musiekmaak<br>o repertorium vir die gekose instrument(e)<br>o die gebruik van elektroniese apparate (kyk middelkolom) | o Een klavier vir elke musiekkamer<br>o Elektroniese klawerbord met ingeboude klankverwerker<br>o Een rekenaar per 6 leerders met musieksagteware en toegang tot die internet<br>o Opneemtoerusting, klankversterker, menger met minstens vier kanale, toegang tot 'n openbare LS-stelsel<br>o Musiekinstrumente van die leerder se keuse, bv. tromstel, leidende ghitaar, basghitaar en 'n volle stel marimbas.<br>o Klavierstoele, stapelstoele en lessenaars<br>o Een musiekstaander vir elke 3 leerders<br>o Een staalkabinet in elke onderwyser se studio en in die teoriekamer<br>o Een metronoom per onderwyser | o Een onderwysersateljee per voltydse onderwyser. Dit moet 'n skryfbord met musiekbalke daarop gedruk en voldoende ruimte vir 'n ensemble hê.<br>o Een teoriekamer met 'n skryfbord met musiekbalke daarop gedruk, en 'n aangrensende stoorkamer<br>o Een klankdigte oefenkamer per 6 leerders<br>o Rekenaarkamer<br>o Een konsertlokaal met 'n verhoog vir ensembles en kore<br>o 'n Klankateljee vir elektroniese toerusting |

Die volgende bronne word aanbeveel:

Kamien Music an Appreciation
Abrashev & Gadjev Illustrated Encyclopaedia of Musical Instruments
Dorricot Exploring Film Music
The Virgin Illustrated Encyclopaedia of Rock
Laurie Levine The Traditional Music of South Africa:
Michael du Preez & Neil Robertson Improvisation, Arrangement and Composition (083-4561682)
Anne-Marie Alkema Music (Future Entrepreneurs) (083-7606774)
Bonisile Gcisa Music Notation A Literacy Programme – vir solfa/balk notasie (082-3588846)
Antoinette Hoek, Graad 10 – 12 Musiekteoriewerkboeke – vir gehooroefeninge, Franse tydname, teorie-oefeninge, voorbeeld-toetse met memorandums, ens. (082-6654955)
Antoinette Hoek, Graad 10 – 12 Musiekwerkboeke – met klank-CD vir komposisie, verwerking, improvisasie, vorm , gehoor, luisteroefeninge met memorandum en woordelys. (082-6654955)

## 10. ASSESSERINGINSTRUMENTE

Die volgende rubrieke kan gebruik word om die praktiese werk van die PAT'e, praktiese toetse en eksamens te assesseer:

### ASSESSERING VAN TEGNIESE WERK

Totale punt uit 15 (30 ÷ 2)

| **Assesserings-kriteria** | **VAARDIGHEIDSVLAKKE** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
| **(10)** | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 1-2 |
| **Tegniese bekwaamheid** | Tegnies vloeiend en met gemak | Goed voorbereid en tegnies seker | Aanvaarbaar | Tegnies aanvaarbaar, maar tog huiwerig | Tegnies wisselvallig |
| **(5)** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Struktuur** | Perfekte konstruksie | Konstruksie is goed | Konstruksie redelik veilig | Onreëlmatighede in patroonwerk binne totale kontinuïteit | Totale gebrek en struktuur van toonleer |
| **(5)** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Toonkwaliteit en/of intonasie** | Hoë toonkwaliteit en/of veilige intonasie | Goeie toonkwaliteit en/of intonasie | Redelike toonkwali-teit en/of intonasie | Tonaliteit nie waargeneem en/of intonasie onseker | Toonkwaliteit en/of intonasie swak |
| **(5)** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Respons** | Uitstekende respons | Goeie respons | Redelike respons | Huiwerige respons | Respons baie traag en onseker |
| **(5)** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Tempo** | Volgehoue, geskikte tempo. Spel is met gemak en toon vakmanskap | Goeie tempo. Goed voorbereid. | Tempo akkuraat in die algemeen | Tempo te stadig | Tempo wat onsekerheid weerspieël |

## ASSESSERING VAN VOORBEREIDE STUKKE

Totale punt uit 20 (40 ⁒ 2 = 20)

| Assesserings-kriteria | VAARDIGHEIDSVLAKKE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
| **[10]** | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 1-2 |
| **Tegniese vermoë** | Gesaghebbende tegniese gemak | ŉ Goeie vlak van tegniese spel | Oor die algemeen akkurate spel | Beperkte tegniese begrip | Bloedweinig tegniese begrip en vele foute |
| **[15]** | 12 – 15 | 9 – 11 | 6 – 8 | 4 – 5 | 1 - 3 |
| **Musikale aanvoeling** | ŉ Heldere aanvoeling vir en insig in styl | ŉ Goeie aanvoeling vir musiekvoordrag en gepaste styl | ŉ Redelike styl- en uitvoeringsaanvoeling | ŉ Aanvaarbare voordrag, maar met gebrekkige stylbegrip | Onaanvaarbare voordrag, met geen stylbegrip nie |
| **[10]** | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 1-2 |
| **Intonasie en/of toonkwaliteit** | Uitstekende intonasie en/of toonkwaliteit | Goeie intonasie en/of toonkwaliteit | Redelike intonasie en/of toonkwaliteit | Swak intonasie en/of toonkwaliteit | Uiters swak intonasie en/of uiters swak toonkwaliteit en spel van noot af |
| **[5]** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Kommunikasie** | Uitmuntende projeksie en kommunikasie van die betekenis van die musiek | ŉ Aanvoeling vir die kommunikasie van die musiek se betekenis | Gedeeltelik suksesvol om die betekenis van die musiek oor te dra | Gebrek aan ŉ aanvoeling vir die kommunikasie van die musiek se betekenis | Kan nie die betekenis van die musiek oordra nie |

## ASSESSERING VAN 'n ENSEMBLE

Totale punt uit 20

| Assesserings-kriteria | VAARDIGHEIDSVLAKKE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
| **(5)** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Stylgebruike** | 'n Omvattende stylbegrip | 'n Goeie stylbegrip | Gedeeltelike stylbegrip | Beperkte stylbegrip | Geen stylbegrip nie |
| **(10)** | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 1-2 |
| **Positiewe interaksie:** Balans, Rol: (bv. ondersteunend of leidende rol) Intonasie, Dinamiek, Ensemblespel. | Vertoon eersterangse vermoë om te lei en te ondersteun. Uitmuntende musikale interaksie binne die groep. Uitstekende vermoë om aan te pas by die balans en ensemblespel van die groep. | 'n Goeie aanvoeling vir leiding, ondersteuning en musikale interaksie. Kan aanpas om goeie balans binne groep te bewerkstellig. | Gedeeltelike vertoning van leiding, ondersteuning. 'n Gedeeltelike vertoning van balansaanpassing binne groep. | Beperkte vertoning van leiding, ondersteuning. Gebrek aan sin vir musikale interaksie. 'n Beperkte sin van balansaanpassing. | Geen aanvoeling vir leiding, ondersteuning nie. Nie in staat tot musikale interaksie nie. Kan nie balans in die groep bewerkstellig nie. |
| **(5)** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Tegniese vermoë** | Gesaghebbende tegniese beheer | 'n Goeie vlak van tegniese spel. | In die algemeen akkurate spel | Beperkte tegniese begrip | Baie min tegniese begrip met vele foute |

## ASSESSERING VAN BLADLEES

Die volgende tabel is bedoel vir bladlees en moet versigtig gebruik word. In hierdie assesseringsrubrieke is dit belangrik om leerders in die korrekte kategorie te plaas. As dit klaar gedoen is, word punte daarvolgens toegeken. Kyk die voorbeeld onder die opskrif “Rekordering en Verslagdoening” aan die einde van hierdie dokument.

Totale punt uit 10 (20 ÷ 2)

| **Assesserings-kriteria** | **VAARDIGHEIDSVLAKKE** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
| **[5]** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Styl & interpretasie** | Uitstekende vertolking en beheer | Goeie vertolking en beheer | Bevredigende beheer oor musiek-styl en detail | Beperkte bewustheid van musiekstyl en detail | Geen aandag aan musikale detail |
| **[10]** | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 1-2 |
| **Akkuraatheid** | Akkurate leesvermoë | Meestal akkuraat | Aanvaarbare vlak van akkuraatheid | Beperkte akkuraatheid | Meestal onakkuraat |
| **[5]** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Tempo & vloeiendheid** | Volgehoue en vloeiende tempo | Tempo en vloei meestal korrek | Aanvaarbare tempo en vloeiendheid | Onreëlmatige tempo en vloeiendheid | Wisselvallige tempo |

## ASSESSERING VAN IMPROVISASIE

Totale punt uit 10

| **Assesserings-kriteria** | **VAARDIGHEIDSVLAKKE** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
| óf | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 1-2 |
| **RITME** | Speel komplekse ritmiese figure op elke maat; dit beteken sinkopasie, gepun-teerde ritmes, ens. | Speel duidelike ritmiese improvisasie op die maat. Goeie gebruik van herhaalde motiewe en variasie van patrone. | Enkele variasies en veranderinge van patroon. Enkele ritmiese versierings. | Baie basiese improvisasie. Enkele ritmiese versierings. | Min tekens van ritmiese improvisasie. Nie in staat om enige improvisasie te doen nie. |
| óf | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 1-2 |
| **MELODIE** | Stilistiese versierings; effektiewe variasie van gegewe melodie; gebruik van toonleerfragmente, melodiese motiewe, intervalle en sekwense; meer as blote ornamentasie. | Akkurate vertoon van melodiese improv; verskeidenheid van versierings; goeie gebruik van melodiese middele en ontwikkeling; enkele interessante veranderinge. | Matige gebruik van melodiese middele en ontwikkeling, maar mooi uitgevoer. Toon aanleg vir melodiese improvisasie. | Onduidelike elemente van improvisasie. Meestal eenvoudige versiering van die oorspronklike melodie. | Baie min tekens van melodiese manipulasie. Melodie is verdoesel of onherkenbaar. |
| óf | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 1-2 |
| **HARMONIE**<br>**[10]** | Verbeeldingryke gebruik van harmoniese improvisasie.<br>Maak gebruik van al vier tipes toonlere. | Goeie toepassing van harmoniese middele.<br>Gebruik 3 tipes toonlere. | Aanvaarbare begrip van harmoniese toepassing.<br>Gebruik 2 tipes toonlere. | Beperkte begrip van harmoniese impro-visasie.<br>Gebruik 1 van die tipes toonlere. | Weinige begrip van harmoniese improvisasie. |
| **(5)** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **STYL** | Toon stilistiese flair en insig. | Heldere, konsekwente en goed vertolkte stylbegrip. | Het voldoende stylbegrip. | Gedeeltelike indrukke van die styl. | Baie beperkte sin vir styl. |
| **(5)** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **FRASERING EN DINAMIEK** | Duidelik geprofileerde frasering en dinamiek. | Frasering en dinamiek getuig van gesonde oordeel. | Aandag word wel gegee aan frasering en dinamiek. | Beperkte aandag aan frasering en dinamiek. | Afwesigheid van dinamiek en frasering. |

Let op die gewigswaarde van die onderskeie komponente.

## ASSESSERING VAN KOMPOSISIE

Totale punt uit 25 (40 ÷ 1.6 = 20)

| **Assesserings-kriteria** | **VAARDIGHEIDSVLAKKE** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
| **[10]** | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 1-2 |
| **Idees** | Oorspronklike musikale idees | Goeie musikale idees | Redelike musikale idees | ŉ Beperkte vlak van eenvoudige idees | Weinige poging om enige musikale idees te skep |
| **[5]** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Struktuur** | Effektiewe struktuur wat kontinuïteit skep | Geskikte struktuur wat kontinuïteit bevorder | Redelike aandag aan struktuur en kontinuïteit | Struktuur herkenbaar met beperkte sin vir kontinuïteit | Oneffektiewe struktuur met weinig sin vir kontinuïteit |
| **[5]** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Gebruik van medium (**tegnologie, instrumente & tekstuur) | Effektiewe en idiomatiese gebruik van hulpmiddels | Goeie gebruik van hulpmiddels | Redelike gebruik van hulpmiddels | Lompheid in die gebruik van hulpmiddels | Swak gebruik van hulpmiddels |
| **[15]** | 12 – 15 | 9 – 11 | 6 – 8 | 4 – 5 | 1 - 3 |
| **Komposisie-tegnieke** | Vindingryke en oortuigende gebruik van tegnieke | Geskikte gebruik van komposisietegnieke | Oor die algemeen seker gebruik van tegnieke | Daar was gepoog om komposisietegnieke aan te wend | Swak en onoortuigende gebruik van tegnieke |
| **[5]** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Aanbieding van die partituur/notasie** | Goed en duidelik aangebied | Duidelike partiture, maar ontbrekende detail | Meestal akkurate partiture, maar detail ontbreek | Bevredigende partiture maar met teenstrydighede | Swak partituur-aanbieding |

## ASSESSERING VAN VERWERKING

Totale punt uit 25 (40 ÷ 1.6 = 20)

| **Assesseringskriteria** | **VAARDIGHEIDSVLAKKE** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
| **Idees [15]** | 12 – 15 | 9 – 11 | 6 – 8 | 4 – 5 | 1 - 3 |
| Pas (bv. pas van instrumente of woorde), begeleiding en harmonie, variasie, ontwikkeling, styleenvormigheid, bevredigende klank-indruk, musikaliteit | Oorspronklike en vindingryke musikale idees | Goeie musikale idees | Redelike musikale idees | ŉ Beperkte omvang van eenvoudige idees | Swak sin vir musikale idees |
| **Struktuur [5]** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| Ontwerp, melodiese fokuspunte, goeie baslyn, tematiese verband met gegewe partye, gebalanseerde omvang en frasering | Effektiewe struktuur wat kontinuïteit skep | Geskikte struktuur wat kontinuïteit bevorder | Redelike aandag aan struktuur en kontinuïteit | Struktuur bestaan maar sin vir kontinuïteit is beperk | Oneffektiewe struktuur met weinig sin vir kontinuïteit |
| **Gebruik van medium [5]** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| Tegnologie, tekstuur. Idiomaties en geskik vir die gekose instrument(e) of stem(me) | Effektiewe en idiomatiese gebruik van hulpmiddels | Goeie gebruik van hulpmiddels | Redelike gebruik van hulpmiddels | Lompheid in die gebruik van hulpmiddels | Swak gebruik van hulpmiddels |
| **[10]** | 9-10 | 7-8 | 5-6 | 3-4 | 1-2 |
| **Komposisietegniek** Kreatiewe manipulasie van motiewe en ander middele wat stylgepas is | Oorspronklike en oortuigende gebruik van tegnieke | Geskikte gebruik van komposisie-tegnieke | Oor die algemeen seker gebruik van tegnieke | Daar was gepoog om komposisie-tegnieke aan te wend | Swak en onoortuigende gebruik van tegnieke |
| **[5]** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Aanbieding van partituur/notasie** Korrektheid van alle aspekte van notasie | Goed en duidelik aangebied | Duidelike partiture, maar ontbrekende detail | Meestal akkurate partiture, maar detail ontbreek | Bevredigende partiture met teenstrydighede | Swak partituur-aanbieding |

Kopiereg voorbehou 

## RUBRIEK VIR VOORDRAG IN DIE ALGEMEEN

Alle assessering van musiekvoordrag bevat weens die aard daarvan ŉ element van subjektiwiteit. Musiekonderwysers stem egter daaroor saam dat ŉ voordrag suksesvol geassesseer kan word, indien daar by basiese kriteria gebly word.

Hierdie kriteria en gewigswaardes verskyn regs:

| **Voordragkriteria** | **Gewigswaarde** |
|---|---|
| Vloeiendheid | 10 |
| Akkuraatheid | 10 |
| Algemeen:<br>* Toonproduksie/Aanslag<br>* Intonasie<br>* Tegniese bevoegdheid<br>* Geskikte tempo | 30 |
| Stylaanvoeling | 30 |
| Musikale begrip | 20 |
| **Totaal:** | **100** |

## REKORDERING EN VERSLAGDOENING

Hier volg ŉ voorbeeld van puntetoewysing in ŉ rubriek vir improvisasie:

| **PUNT / 20** | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
|---|---|---|---|---|---|
| **RITME (10)** | X | | | | |
| **MELODIE (10)** | | X | | | |
| **HARMONIE (10)** | | | X | | |
| **STYL (5)** | | | X | | |
| **FRASERING EN DINAMIEK (5)** | | | X | | |

Vir **ritmiese improvisasie** sou die leerder soos volg punte gekry het: 10 vir ritme, 3 vir styl en 3 vir frasering en dinamiek. Die leerder kry dus ŉ totaal van 16 uit 20.

Vir **melodiese improvisasie** sou die leerder soos volg punte gekry het: 8 vir melodie, 3 vir styl en 3 vir frasering en dinamiek. Die leerder kry dus ŉ totaal van 14 uit 20.

Vir **harmoniese improvisasie** sou die leerder soos volg punte gekry het: 6 vir harmonie, 3 vir styl en 3 vir frasering en dinamiek. Die leerder kry dus ŉ totaal van 12 uit 20.

## 11. INLIGTING AAN DIE LEERDER

Die **minimumstandaard** wat vir graad 12 vereis word, is vergelykbaar met graad 5 van die geakkrediteerde eksaminerende liggame. Kandidate word egter aangemoedig om 'n standaard van minstens graad 6 in graad 12 te bereik.

Leerders moet hul eie **stukke** vir hul jaarlikse programme uitsoek. Geen stukke word voorgeskryf nie, maar kandidate moet kopieë van die stukke wat hulle tydens die eksamen gaan speel, voorlê. Die stukke moet op 'n gelyke vlak met dié van die geakkrediteerde eksaminerende liggame wees.

Leerders word aangemoedig om **stukke** en **toonlere** uit die sillabusse van *Unisa*, *Associated Board of the Royal Schools of Music* en *Trinity College of London* te kies. Leerders wat ligte klassieke of populêre musiek aanbied, kan van die voorgeskrewe stukke in die *ALMSA*-sillabus kies.

Een of twee van die stukke wat gespeel word, moet 'n **ensemble** wees. 'n Ensemble moet uit minstens twee persone bestaan. Dit mag ook 'n solo wees binne 'n groter groepsverband, bv. soliste in 'n koor, concerto of solo met orkes of 'n "lead guitar". Die party wat deur die kandidaat uitgevoer word, moet duidelik onderskeibaar wees. Slegs een leerder moet 'n spesifieke party speel/sing. Twee of meer leerders kan nie 'n party dupliseer nie. Die ensemble-werke moet vooraf vir goedkeuring aan die eksaminator voorgelê word.

Die **instrumente** wat gekies word, moet een van die instrumente wees, waarvoor sillabusse van die amptelike geakkrediteerde eksaminerende liggame bestaan. Hierdie reël is nie van toepassing op leerders wat Afrika-instrumente aanbied nie. (kyk volgende paragraaf) Kandidate mag hul eksamen op meer as een instrument aanbied.

Leerders kan kies om ses verskillende **Afrika-instrumente** oor 'n periode van drie jaar aan te bied: Twee instrumente van 'n gekose etniese groep in graad 10, twee ander instrumente van 'n ander etniese groep in graad 11 en eweneens twee verskillende instrumente van 'n ander etniese groep in graad 12. Dit beteken dat die leerder na drie jaar ses Afrika-instrumente sal kan bespeel; twee instrumente van drie verskillende etniese groeperinge per jaar. Hierdie ses Afrika-instrumente kan aangebied word, in plaas daarvan om 'n standaard van minstens graad 5 in graad 12 te bereik.

Leerders kan ook kies tussen **komposisie** en **verwerking** vir Leeruitkoms 2. Dit moet 'n minimum lengte van 24 mate hê. Kwaliteitwerk word verwag, waarin daar byvoorbeeld verskeie komposisietegnieke gebruik word. Leerders word aangemoedig om vir hul eie instrument of stem te komponeer of te verwerk, bv. vir ghitaar met stem, of blokfluit en klavier.

Leerders kan ook eksamens van ***Unisa****, Associated Board of the* ***Royal Schools*** *of Music* of ***Trinity College*** *of London* as een van hul graad 12-vakke aanbied. Dit bestaan dan uit drie komponente: 'n Praktiese eksamen, 'n bypassende teorie-eksamen en vier voorgeskrewe take. (Kyk p. 9)

Leerders kan Musiek as **twee** van hul graad 12-**vakke** aanbied, mits twee verskillende instrumente aangebied word. Die een vak sal dan Musiek van die Nasionale Kurrikulumverklaring wees. Die ander vak sal dan *Unisa, Associated Board of the Royal Schools of Music* of *Trinity College of London* wees, wat as 'n graad 12-vak deur die Departement van Onderwys geakkrediteer word.

## 12. INLIGTING VIR LEERDERS WAT DIE AKKREDITASIE-BAAN KIES:

### UNISA

| NSS GRAAD 10 | | NSS GRAAD 11 | | NSS GRAAD 12 | |
|---|---|---|---|---|---|
| *Prakties* | *Teorie* | *Prakties* | *Teorie* | *Prakties* | *Teorie* |
| Graad 4 | Graad 3 | Graad 5 | Graad 4 | Graad 6 | Graad 5 |
| Graad 5 | Graad 4 | Graad 6 | (Graad 5) | Graad 7 | Graad 5 |
| Graad 6 | Graad 5 | (Graad 6) | (Graad 5) | Graad 7 | Graad 6 |
| Graad 7 of hoër | Graad 5 of hoër | (Graad 7) of hoër | (Graad 6) of hoër | Graad 8 of hoër | Graad 6 of hoër |

### TRINITY COLLEGE / ROYAL SCHOOLS

| NSS GRAAD 10 | | NSS GRAAD 11 | | NSS GRAAD 12 | |
|---|---|---|---|---|---|
| *Prakties* | *Teorie* | *Prakties* | *Teorie* | *Prakties* | *Teorie* |
| Graad 4 | Graad 4 | Graad 5 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 6 |
| Graad 5 | Graad 5 | Graad 6 | (Graad 6) | Graad 7 | Graad 6 |
| Graad 6 | Graad 6 | (Graad 6) | (Graad 6) | Graad 7 | Graad 7 |
| Graad 7 of hoër | Graad 6 of hoër | (Graad 7) of hoër | (Graad 7) of hoër | Graad 8 of hoër | Graad 7 of hoër |

Leerders moet elke jaar ŉ praktiese- en teoretiese eksamen aflê. In graad 11 mag daar ŉ gapjaar vir prakties en/of teoreties wees, waarin die leerder toegelaat word om nie ŉ volgende praktiese afteorie-eksamen in graad 11 af te lê nie.

Sodanige gevalle is met hakies aangedui.

Onthou asseblief van die vier take wat vir die jaarpunt (CASS-punt) gedoen moet word. Elke taak tel uit 25 punte. Dit vorm ŉ totaal van 100 vir interne assessering (CASS).

Raadpleeg asseblief die Leerprogramriglyne vir Musiek (Bylae 4) vir volledige besonderhede.

Kopiereg voorbehou